

**UITGESOEKTE VERSE
VAN DIE HEILIGE
KOR'AAN**

**SELECTED VERSES OF THE HOLY QUR'AN
IN AFRIKAANS
(SOUTH AFRICA)**

1989

***GEPUBLISEER DEUR*
AHMADIYYA MOESLIEM SENDING
POSBUS 212, GATESVILLE, 7764. KAAPSTAD
SUID AFRIKA**

**GEDRUK DEUR TAHIR PRESS
43 ATHLONE STRAAT, ATHLONE, KAAPSTAD**

In herdenking van die Eeufees van die Wêreldwye Ahmadiyya Gemeenskap

Hierdie is 'n geskenk van daardie Ahmadi Moesliems wie, selfs in hierdie leeftyd, vervolgd en gemartel word slegs vir hulle liefde en aankondiging van die Eenheid van God. Hulle is 'n belggaming van die gees van Bilaal.

** Bilaal (mag God tevrede met hom wees) was een van die Metge selle van die Heilige Profeet Muhammad (mag vrede en seënninge van Allah op hom wees). Alhoewel hy deur uiterste vorms van martel ing ondergaan het te wyte aan sy bekering na Islam, was hy bereid om liever dood te gaan eerder as om afstand te doen van sy geloof in die Eenheid van God.*

INHOUD

BLADSY

1. Allah - God	1
2. Engele	6
3. Die Heilige Kor'aan	8
4. Profete	12
5. Die Heilige Profeet van Islaam	18
6. Aanbidding	22
7. Vas	24
8. Om in die weg van Allah te bestee	25
9. Die Pelgrimstog (Hajj) en die Kaaba (Huis van Allah)	28
10. Die verkondiging van die Heilige Boodskap	31
aan alle mensdom	
11. Sedeleer, Wellewenheidsvorme, Maniere	34
12. Basiese beginsels van die ekonomiese stelsel	39
13. Jihaad - uiterste poging in die weg van Allah	41
14. Die eienskap en persoonlikheid van gelowiges	44
15. Gelyke regte aan mans en vrouens	48
16. Verbod van rente - woekerwins	51
17. Voorseggings	53
18. Waarnemings in verband met die natuur	57
19. Sommige smeekbede uit die Heilige Kor'aan	60
20. Sommige klein hoofstukke van die Heilige Kor'aan ..	63

INLEIDING

1. Elke vers van die Heilige Kor'aan het 'n eenvoudige en van selfsprekende betekenis wat verstaan kan word selfs op 'n eerste lesing. Behalwe dit, vorm elke vers deel van 'n unieke volledige stelsel van veelvoudige kanale wat talryke betekenisse wegsteek wat onder die oppervlak insluit. Deur hierdie kanale vorm die onderwerp en inhoud van enige vers 'n aanhoudende skakel met die vorige en volgende verse en hoofstuk, soos 'n veelkanalige kommunikasie stelsel.

Volgens die bostaande word twee dinge duidelik:-

a) Hoe oordrewe presies en getrou 'n vertaling mag wees, kan dit net 'n deel van die weg gaan om met die betekenis van 'n boek oor te dra wat so veelvlakkig en ryk in betekenis is soos die Heilige Kor'aan. Inderdaad, dit is ontmoontlik om te beweer dat enige een vertaling van die Heilige Kor'aan genoeg is om na die leser oor te dra die volledige boodskap wat ingesluit is in die oorspronklike teks.

b) Dit is selfs nog meer moeilik om sekere voorbeeldige verse van die Heilige Kor'aan te kies wat in verbind is met 'n gegewe onderwerp en om in aanmerking te neem dat hulle genoeg voorstellend is. By voorbeeld, as 'n paar verse van die heilige teks gekies is om die ekonomiese stelsel voor te stel soos dit voor gestel is in die Heilige Kor'aan, die taak verbiedend sal word deur die ryk veelsoortige karakter van die Heilige Kor'aan, maar ook deur die filosofie van die Islamiese ekonomiese stelsel wat deur baie verse van die Heilige Kor'aan afgelei kan word wat nie eens direk aan die onderwerp van ekonomie verwant is nie.

Maar, wanneer ons die feit in aanmerking neem dat 'n groot meerderheid van die wêreld se bevolking, wat verskillende tale praat en verskillende kulture het en volkekundig aan groepe behoort is tot nou ontnem om enige toegang te hê om hierdie mees wonderlike boek te studeer; word die noodsaaklikheid van hierdie ernstige belangrike situasie sigbaar. Inderdaad, dit is 'n tragedie dat gedurende die laaste veertien eeue die Heilige Kor'aan nie meer as 65 tale vertaal was nie, in teenoorgesteld met die vertaling van die

Bybel wat 1808 nommer volgens die verslag van die Bybel Genootskappe.

Met die oog op die bostaande, het die wêreldwye Ahmadiyya Moesliem Gemeenskap die mees eersugtige en edelike taak laat werp om die voldoende vertaling van die Heilige Kor'aan in ten minste 50 wydgesproke wêreld tale te doen, by die jaar 1989 - aangesien dit die eeufees jaar van die stigting van die Ahmadiyya Moeslim gemeenskap is.

Behalwe dit, is 'n poging aangewend om die Heilige Kor'aan, ten minste 'n deel daarvan, na die sprekers van baie ander tale te skenk terwyl die voorbereiding van 'n volkome vertaling voorgesit word. Om dit passend te skep is onderwerp-wys verse uitgesoek van die Heilige Kor'aan wat party van die fundametele Islamiese onderwysings na sulke lesers wat min of niks kennis van Islaam besit nie voor te stel.

Ons hoop en bid dat terwyl hierdie poging sal slaag om som van die vurige verlanging na kennis te verminder, dit ook 'n verdere verlanging na meer sal veroorsaak.

Die uitsoeking van die verse is voorberei om die volgende belangrike onderwerpe te omhels.

- 1. Allah God**
- 2. Engele**
- 3. Die Heilige Kor'aan**
- 4. Profete**
- 5. Die Heilige Profeet van Islaam**
- 6. Aanbidding**
- 7. Vas**
- 8. Om in die weg van Allah te bestee**
- 9. Die Pelgrimstog (Hajj) en die Kaaba (Huis van Allah)**
- 10. Die verkonding van die Heilige Boodskap
aan alle mensdom**
- 11. Sedeleer, Wellewenheidsvorme, Maniere**
- 12. Basiese beginsels van die ekonomiese stelsel**
- 13. Jihaad - Uiterste poging in die weg van Allah**
- 14. Die eienskap en persoonlikheid van gelowiges**
- 15. Gelyke regte aan mans en vrouens**
- 16. Verbod van rente - woekerwins**

17. Voorsegings
18. Waarnemings in verband met die natuur
19. Sommige smeekgebede soos dit geleer word deur die Heilige Kor'aan
20. Sommige klein hoofstukke van die Heilige Kor'aan wat maklik is om te leer

Met die genade van Allah, is die volgende voldoende vertalings van die Heilige Kor'aan alreeds deur die Ahmadiyya Moeslim Gemeenskap opgelewer:-

Deens, Nederlands, Engels, Espranto, Fidjiaans, Frans, Duits, Gurmukhi, Hindi, Indonesiaans, Italiaans, Japanees, kikuyu, Koreaans, Luganda, Portugees, Russies, Spaans, Swahilie, Sweeds, Urdu, Yoruba.

Ons is ook bly om aan te kondig dat vertalings in 18 meer tale amper gereed is vir publikasie. Met die genade van Allah sal ons hulle binnekort in druk aanbied.

Hierdie tale is soos volg:-

Albaniaans, Asami, Aria, Bengali, Sjinees, Fanti, Gujarati, Hausa, Malayalam, Mandly, Marathi, Pushtu, Pools, Sindhi, Tamil, Telugu, Vietnamees, Kanri.

Enige vrae wat die beskikbaarheid van die Heilige Kor'aan in verskillende tale betref moet na die uitgewers aangewys word of na enige Ahmadiyya Moeslim sending in enige plek in die wêreld.

Dit mag opgelet word dat die opskrifte onder die teks van die Heilige Kor'aan wat voorgestel is, nie 'n deel vorm van die teks self nie. Sodanig verwys hulle duidelik afsonderlik.

Die keuse van die voorbeeldige verse wat in hierdie deel voorgestel is, was gemaak deur Hazrat Mirza Tahir Ahmad, die opperste hoof van die wêreldwye Ahmadiyya Moeslim Gemeenskap.

1.

ALLAH - GOD

Allah is die naam van die Allerhoogste. In Arabies word die term Allah nooit aan iets anders toegeskryf nie. Die name toegeken aan God in ander tale is 'n toeskrywing of 'n beskrywing en word dikwels in die meervoud gebruik, maar die term Allah word nooit in die meervoud gebruik nie. Omdat 'n soortgelyke woord in die Afrikaanse taal nie beskikbaar is nie, word die oorspronklike term "Allah" reg deur die vertaling behou.

AL-FATIHAH : Hoofstuk 1

1. In die naam van Allah, die Barmhartige, die Genadige.

بِسْمِ اللَّهِ الرَّحْمَنِ الرَّحِيمِ ①

2. Alle lof behoort aan Allah, Heer van die Werelde,

الْحَمْدُ لِلَّهِ رَبِّ الْعَالَمِينَ ②

3. Die Barmhartige, die Genadige,

الرَّحْمَنِ الرَّحِيمِ ③

4. Meester van die Oordeelsdag.

مَلِكِ يَوْمِ الدِّينِ ④

5. U alleen aanbid ons en tot U alleen rig ons ons smekinge om hulp.

إِيَّاكَ نَعْبُدُ وَإِيَّاكَ نَسْتَعِينُ ⑤

6. Lei ons op die regte weg-

اهْدِنَا الصِّرَاطَ الْمُسْتَقِيمَ ⑥

7. Die weg van hulle wat deur U geseen is, hulle wat U woede vermy het en hulle wat nie afgedwaal het nie.

صِرَاطَ الَّذِينَ أَنْعَمْتَ عَلَيْهِمْ غَيْرِ الْمَغْضُوبِ عَلَيْهِمْ وَلَا الضَّالِّينَ ⑦

AL-HADID : Hoofstuk 57

1. In die naam van Allah, die Barmhartige, die Genadige.

بِسْمِ اللَّهِ الرَّحْمَنِ الرَّحِيمِ ①

2. Alles wat in die hemele en op die aarde is, verheerlik Allah; Hy is die Almagtige, die Alwyse.

سَبَّحَ لِلَّهِ مَا فِي السَّمَوَاتِ وَالْأَرْضِ وَهُوَ
الْعَزِيزُ الْحَكِيمُ ﴿٥١﴾

3. Aan Hom behoort die koningryk van die hemele en die aarde; Hy skenk lewe en Hy bewerkstellig die dood; Hy het mag oor alle dinge.

لَهُ مُلْكُ السَّمَوَاتِ وَالْأَرْضِ يُحْيِي وَيُمِيتُ
وَهُوَ عَلَى كُلِّ شَيْءٍ قَدِيرٌ ﴿٥٢﴾

4. Hy is die Eerste en die Laaste, die Openbaring en die Verborgene, Hy dra kennis van alle dinge.

هُوَ الْأَوَّلُ وَالْآخِرُ وَالظَّاهِرُ وَالْبَاطِنُ وَهُوَ
بِكُلِّ شَيْءٍ عَلِيمٌ ﴿٥٣﴾

5. Hy is die Een wat die hemele en die aarde in ses tydperke geskape het, waarna Hy Hom op die Troon gevestig het. Hy weet wat in die aarde ingaan en wat daar uitkom, en wat uit die hemel neerdaal en wat daarheen opstyg. Hy is met julle waar julle ook al mag wees, en Hy sien alles wat julle doen.

هُوَ الَّذِي خَلَقَ السَّمَوَاتِ وَالْأَرْضَ فِي سِتَّةِ
أَيَّامٍ ثُمَّ اسْتَوَىٰ عَلَى الْعَرْشِ يُعَلِّمُ مَا يَلِجُ
فِي الْأَرْضِ وَمَا يَخْرُجُ مِنْهَا وَمَا يَنْزِلُ مِنَ
السَّمَاءِ وَمَا يَعْرُجُ فِيهَا وَهُوَ مَعَكُمْ أَيْنَ
مَا كُنْتُمْ وَاللَّهُ بِمَا تَعْمَلُونَ بَصِيرٌ ﴿٥٤﴾

6. Aan Hom behoort die Koningryk van die hemele en die aarde; en na Allah word alle dinge teruggebring.

لَهُ مُلْكُ السَّمَوَاتِ وَالْأَرْضِ وَإِلَى اللَّهِ تُرْجَعُ
الْأُمُورُ ﴿٥٥﴾

7. Hy bewerkstellig die oorgang van die nag na die dag en van die dag na die nag; en Hy is bekend met alles wat in julle harte is.

يُولِجُ اللَّيْلَ فِي النَّهَارِ وَيُؤَلِّجُ النَّهَارَ فِي
اللَّيْلِ وَهُوَ عَلِيمٌ بِذَاتِ الصُّدُورِ ﴿٥٦﴾

8. Glo in Allah en Sy Boodskapper en bestee die gawes waarvan Hy julle erfgename gemaak het, volgens die voorskrifte van Allah. En vir dié van julle wat glo en so optree, sal die beloning groot wees.

أْمِنُوا بِاللَّهِ وَرَسُولِهِ وَأَنْفِقُوا مِمَّا جَعَلَكُمْ
مُسْتَخْلِفِينَ فِيهِ فَالَّذِينَ أَمْنُوا مِنْكُمْ وَأَنْفَقُوا
لَهُمْ أَجْرٌ كَبِيرٌ ﴿٥٧﴾

AL-TAGHABUN : Hoofstuk 64

1. In die naam van Allah, die Barmhartige, die Genadige.

بِسْمِ اللَّهِ الرَّحْمَنِ الرَّحِيمِ

2. Wat ook al in die hemele en op die aarde is, verheerlik Allah; Hy het die Koningryk en die Lof, en Hy het mag oor alle dinge.

بُيِّعَ بِهِ مَا فِي السَّمَوَاتِ وَمَا فِي الْأَرْضِ لَكَ الْمُلْكُ
وَلَهُ الْحَمْدُ وَهُوَ عَلَى كُلِّ شَيْءٍ قَدِيرٌ

3. Dit is Hy wat julle geskape het, maar sommige van julle is ongelowig en sommige is gelowig, en Allah sien wat julle doen.

هُوَ الَّذِي خَلَقَكُمْ فَمِنْكُمْ كَافِرٌ وَمِنْكُمْ مُؤْمِنٌ
وَاللَّهُ بِمَا تَعْمَلُونَ بَصِيرٌ

4. Hy het die hemele en die aarde in waarheid geskape, en Hy het julle gevorm en julle n skone gedaante gegee en tot Hom is die terugkeer.

خَلَقَ السَّمَوَاتِ وَالْأَرْضَ بِالْحَقِّ وَصَوَّرَكُمْ فَأَحْسَنَ
صُورَكُمْ وَإِلَيْهِ الْمَصِيرُ

5. Hy weet wat in die hemele en die aarde is, en Hy weet wat julle verberg en wat julle onthul, en Allah weet alles wat in die harte ongaan.

يَعْلَمُ مَا فِي السَّمَوَاتِ وَالْأَرْضِ وَيَعْلَمُ مَا تُسْتَرُونَ
وَمَا تُعْلِنُونَ وَاللَّهُ عَلِيمٌ بِدَاتِ الصُّدُورِ

AL-AN'AM : Hoofstuk 6

96. Voorwaar, dit is Allah wat die graankorrel en dadelpit laat ontkiem. Hy bring die lewende uit die dode voort, en hy is die voortbringer van die dode uit die lewende. Dit is Allah, waarom het julle julle dan afgewend ?

إِنَّ اللَّهَ فَالِقُ الْحَبِّ وَالنَّوَى يُخْرِجُ الْحَيَّ مِنَ الْمَيِّتِ وَمُخْرِجُ الْمَيِّتِ مِنَ الْحَيِّ ذَلِكُمُ اللَّهُ فَالِقُ
تُوفُكُونَ

97. Hy veroorsaak die dagbreek, en Hy het die nag gemaak vir rus, en die son en die maan is ingestel vir die berekening van tyd. Dit is

فَالِقُ الْإِصْبَاحِ وَجَعَلَ اللَّيْلَ سَكَنًا وَالشَّمْسَ وَالْقَمَرَ
حُسْبَانًا لِكَ تَقْدِيرِ الْعَزِيزِ الْعَلِيمِ

die oordeling van die Al magtige,
die Al wetende.

98. En dit is Hy wat die sterre vir julle gemaak het, sodat julle daardeur die regte weg in die duister van die land en die see mag volg. Waarlik, Ons het die Tekens verduidelik vir 'n volk wat kennis besit.

وَهُوَ الَّذِي جَعَلَ لَكُمْ النُّجُومَ لِتَهْتَدُوا بِهَا فِي ظُلُمَاتِ اللَّيْلِ وَالْبَحْرِ قَدْ فَضَّلْنَا الْآيَاتِ لِقَوْمٍ يَعْلَمُونَ ﴿٩٨﴾

99. En dit is Hy wat julle uit 'n enkele siel geskape het, en daar is vir julle 'n rusplek en 'n bewaarplaas. Inderdaad, het ons die Tekens verduidelik aan 'n volk wat begrip het.

وَهُوَ الَّذِي أَنشَأَ لَكُم مِّن نَّفْسٍ وَاحِدَةٍ فَمُسْتَقَرًّا وَمُسْتَوْدَعًا قَدْ فَضَّلْنَا الْآيَاتِ لِقَوْمٍ يَفْقَهُونَ ﴿٩٩﴾

100. En dit is Hy wat die water uit die wolke afstuur, en daardeur elke soort van groei voortbring. Dan met die voortbring van die lowe, kom die gerwe graan voort. En aangaande die dadel palm, uit die skede daarvan kom laag hangende trosse dadels voort. En ons skenk daarmee voort die wingerde, die olyf en die granaat, van die gelyke en ongelyke soort. Kyk na die vrugte daarvan wanneer dit ryp word. Hierin is sekerlik Tekens vir 'n volk wat glo.

وَهُوَ الَّذِي أَنزَلَ مِنَ السَّمَاءِ مَاءً فَأَخْرَجْنَا بِهِ نَبَاتَ كُلِّ شَيْءٍ فَأَخْرَجْنَا مِنْهُ خَضِرًا نُّخْرَجُ مِنْهُ حَبًّا مَّتَرَاكِبًا وَمِنَ النَّخْلِ مِن طَلْعِهَا قِنْوَانٌ دَانِيَةٌ وَجَنَّاتٍ مِّنْ أَعْنَابٍ وَالزَّيْتُونَ وَالزَّمْعَانَ مُشْتَبِهًا وَغَيْرَ مُنْتَشَبَةٍ انظُرُوا إِلَى ثَمَرِهِ إِذَا أَنشَرَهُ وَيَنْعِهِ إِنَّ فِي ذَٰلِكُمْ لَآيَاتٍ لِّقَوْمٍ يُؤْمِنُونَ ﴿١٠٠﴾

101. En hulle behou die Djin as 'n gelyke met Allah, ofskoon Hy hulle geskape het. En valslik skryf hulle dogters en seuns aan Hom toe, sonder dat hulle behoorlik ingelig is. Heilig is Hy en Hoog verhewe is Hy bo dit wat hulle aan Hom toeskryf.

وَجَعَلُوا لِلَّهِ شُرَكَاءَ الْجِنَّ وَخَفَّهُمْ وَخَرَفُوا لَهُ بَيْنِينَ وَبَنَاتٍ بِغَيْرِ عِلْمٍ سُبْحٰنَهُ وَتَعَالَى عَمَّا يُصِفُونَ ﴿١٠١﴾

AL-BAQARAH : Hoofstuk 2

256. Allah - daar is geen God behalwe Hy nie; die Ewiglewende, die Selfbestaande en Behulp same. Hy sluimer nog slaap Hy nie. Alles wat in die hemele en op die aarde is, behoort aan Hom. Wie is hy wat by Hom sonder Sy toestemming wil intree? Hy weet wat voor hulle was en agter hulle is, en hulle kan geen deel van Sy kennis omvat nie, behalwe waartoe Hy toestem. Sy kennis strek oor die hemele en die aarde; en die instand houding van albei vermoei Hom nie; Hy is die Verhewene en die Grote.

اللَّهُ لَا إِلَهَ إِلَّا هُوَ الْعَلِيُّ الْيَوْمُ لَا تَأْخُذُهُ سِنَّةٌ
وَلَا نَوْمٌ لَهُ مَا فِي السَّمَوَاتِ وَمَا فِي الْأَرْضِ مَنْ
ذَا الَّذِي يَشْفَعُ عِنْدَهُ إِلَّا بِإِذْنِهِ يَعْلَمُ مَا بَيْنَ
أَيْدِيهِمْ وَمَا خَلْفَهُمْ وَلَا يُحِيطُونَ بِشَيْءٍ مِنْ
عِلْمِهِ إِلَّا بِمَا شَاءَ وَسِعَ كُرْسِيُّهُ السَّمَوَاتِ وَالْأَرْضَ
وَلَا يَئُودُهُ حِفْظُهُمَا وَهُوَ الْعَلِيُّ الْعَظِيمُ ﴿٢٥٦﴾

AL-HASHR : Hoofstuk 59

23. Hy is Allah, buiten wie daar geen God is nie, die kenner van die onsienlike en die sienlike, Hy is die Barmhartige, die Genadige.

هُوَ اللَّهُ الَّذِي لَا إِلَهَ إِلَّا هُوَ عِلْمُ الْغَيْبِ وَالشَّهَادَةِ
هُوَ الرَّحْمَنُ الرَّحِيمُ ﴿٢٣﴾

24. Hy is Allah, buiten wie daar geen God is nie, die Koning, die Heilige, die Skepper van Vrede, die Skenker van Veiligheid, die Beskermer, die Almagtige, die Hersteller van verlies, die Besitter van Grootheid. Verhewe is Allah bo dit wat hulle met Hom vereenselwig.

هُوَ اللَّهُ الَّذِي لَا إِلَهَ إِلَّا هُوَ أَلَمَّكَ الْقُدُّوسُ
السَّلَامُ الْمُؤْمِنُ الْعَزِيزُ الْجَبَّارُ الْمُتَكَبِّرُ
سُبْحَانَ اللَّهِ عَمَّا يُشْرِكُونَ ﴿٢٤﴾

25. Hy is Allah, die Skepper, die Maker, die Vormer. Aan Hom behoort die skoonste name. Alles wat in die hemele en op aarde is, verheerlik Hom, en Hy is die Al magtige en Al wyse.

هُوَ اللَّهُ الْخَالِقُ الْبَارِئُ الْمُصَوِّرُ لَهُ الْأَسْمَاءُ الْحُسْنَى
يُسَبِّحُ لَهُ مَا فِي السَّمَوَاتِ وَالْأَرْضِ وَهُوَ الْعَزِيزُ
الْحَكِيمُ ﴿٢٥﴾

2.

ENGELE

Die term (engel) het 'n letterlike betekenis as 'n "boodskap-
per" of "agent". Dit verklaar die rede vir die skepping van
engele. Hulle bring boodskappe van God en voltrek Sy begeer-
tes in die heelal. Engele is dus 'n deel van die fisiese en die
geestelike wêreld. In die geestelike wêreld die invloed van die
engele is direk en werk sonder die inmenging van enige
agentskap. Om ongeloof in engele te toon, beteken dat die weg
waardeer die lig van God na die mens skyn, afgesluit word.

AL-FATIR : Hoofstuk 35

2. Alle lof kom Allah toe, die Skepper van die hemele en aarde, die gene wat engele tot boodskappers gemaak het, met twee, drie en vier vleuels, en Hy voeg aan die skepping toe wat Hy wil, want Allah het mag oor alle dinge.

أَلْحَمْدُ لِلَّهِ فَاطِرِ السَّمَوَاتِ وَالْأَرْضِ جَاعِلِ
الْمَلَائِكَةِ رُسُلًا أُولَىٰ أَجْنَحَةٍ مَّقْشَىٰ وَتِلْكَ وَرُبْعٌ
يَزِيدُ فِي الْخَلْقِ مَا يَشَاءُ ۚ إِنَّ اللَّهَ عَلَىٰ كُلِّ شَيْءٍ
قَدِيرٌ ﴿٢﴾

AL-BAQARAH : Hoofstuk 2

98. Se:" Wie ook al 'n vyand van Gabriel is,- want voorwaar, hy openbaar met 'n opdrag van Allah, aan u hart, 'n bevestiging van wat julle reeds besit; en is 'n leidraad en 'n blye tyding aan die gelowiges.

قُلْ مَنْ كَانَ عَدُوًّا لِجِبْرِيلَ فَإِنَّهُ نَزَّلَهُ عَلَىٰ قَلْبِكَ
بِإِذْنِ اللَّهِ مُصَدِّقًا لِمَا بَيْنَ يَدَيْهِ وَهُدًى وَبُشْرًا
لِلْمُؤْمِنِينَ ﴿٩٨﴾

99. Wie ook al 'n vyand van Allah is, en Sy Engele, en Sy Boodskappers en Gabriel en Michael, waarlik Allah is 'n vyand van sulke ongelowiges.

مَنْ كَانَ عَدُوًّا لِلَّهِ وَمَلَائِكَتِهِ وَرُسُلِهِ وَجِبْرِيلَ
وَمِيكَائِيلَ فَإِنَّ اللَّهَ عَدُوٌّ لِلْكَافِرِينَ ﴿٩٩﴾

178. Daar is geen deug as ons die aansig na die ooste en na die weste draai nie, maar iemand is deugdelik as hy in die Laaste dag, en aan die engele en aan die Boek en die Profete glo, en wat van sy vermoede uit liefde afstaan aan Hom, aan die verwante, die wese, die behoeftige, en reisige en bedelaar, en vir die vrykoop van slawe; en die wat gebed onderhou en die Zakaat betaal, en hulle wat hulle beloftes nakom nadat hulle 'n belofte gemaak het, die geduldige wat in ellende, kwelling en die staanvastige gedurende die oorlogstyd, dit is hulle wat eerbewys vertoon en dit is hulle wat God Vreesend is.

لَيْسَ الْبِرَّ أَنْ تُولُوا وَجُوهَكُمْ قِبَلَ الْمَشْرِقِ وَالْمَغْرِبِ وَلَكِنَّ الْبِرَّ مَنْ آمَنَ بِاللَّهِ وَالْيَوْمِ الْآخِرِ وَالْمَلَائِكَةِ وَالْكِتَابِ وَالنَّبِيِّينَ وَآتَى الْمَالَ عَلَى حُبِّهِ ذَوِي الْقُرْبَىٰ وَالْيَتَامَىٰ وَالْمَسْكِينِ وَآوَىٰ السَّبِيلَ وَالسَّائِلِينَ وَفِي الرِّقَابِ وَأَقَامَ الصَّلَاةَ وَآتَى الزَّكَاةَ وَالْمُوفُونَ بِعَهْدِهِمْ إِذَا عَاهَدُوا وَالصَّابِرِينَ فِي الْبَأْسَاءِ وَالضَّرَّاءِ وَحِينَ الْبَأْسِ أُولَئِكَ الَّذِينَ صَدَقُوا وَأُولَئِكَ هُمُ الْمُتَّقُونَ ﴿١٧٨﴾

286. Die BoodsAPPER glo in wat sy Here aan hom geopenbaar het, en so ook glo die gelowiges: almal van hulle glo in Allah en Sy engele, en Sy Boeke, en Sy Boodsappers.

أَمَّنَ الرُّسُلُ بِمَا أَنْزَلَ إِلَيْهِ مِنْ رَبِّهِ وَالْمُؤْمِنُونَ كُلٌّ آمَنَ بِاللَّهِ وَمَلَائِكَتِهِ وَكُتُبِهِ وَرُسُلِهِ

AL-HAJJ : Hoofstuk 22

76. Allah kies Sy boodsappers uit engele en mense, inderdaad Allah is die Alhorende, en Alsiende.

اللَّهُ يَصْطَلِي مِنَ الْمَلَائِكَةِ رُسُلًا وَمِنَ النَّاسِ إِنَّ اللَّهَ سَمِيعٌ بَصِيرٌ ﴿٧٦﴾

AL-NISA : Hoofstuk 4

137. O, julle gelowiges, glo in Allah en in Sy Boodsappers, en aan die Boek wat Hy aan Sy BoodsAPPER geopenbaar het, en die Boek wat Hy voorheen geopenbaar het. En wie nie in Allah en Sy engele en Sy Boeke en Sy boodsappers, en die Laaste Dag glo nie, het waarlik veragtedwaal.

يَا أَيُّهَا الَّذِينَ آمَنُوا آمِنُوا بِاللَّهِ وَرَسُولِهِ وَالْكِتَابِ الَّذِي نَزَّلَ عَلَىٰ رَسُولِهِ وَالْكِتَابِ الَّذِي أَنْزَلَ مِنْ قَبْلُ وَمَنْ يَكْفُرْ بِاللَّهِ وَمَلَائِكَتِهِ وَكُتُبِهِ وَرُسُلِهِ وَالْيَوْمِ الْآخِرِ فَقَدْ ضَلَّ ضَلَالًا بَعِيدًا ﴿١٣٧﴾

3.

DIE HEILIGE KOR'AAN

Kor'aan is die naam wat deur God Homself aan die boek wat aan die Heilige Profeet van Islaam geopenbaar is, gegee - dit bevat die finale wet vir die mensdom. Die woord "Kor'aan" beteken 'n boek wat bedoel is om geles te word. Die Kor'aan is inderdaad die mees gelesde boek ter wêreld. Die woord beteken ook 'n boek of boodskap wat bedoel is om mee te deel en oor te dra aan alle mense. Die Kor'aan is die enigste geopenbaarde boek wie se aflewering of boodskap totaal onbeperk is; terwyl al die ander boeke vir 'n spesifieke tyd en spesifieke mense bedoel is, is die Kor'aan vir alle tye en alle mense bedoel (34:29).

AL-BAQARAH : Hoofstuk 2

1. In die naam van Allah, die Barmhartige, die Genadige.

بِسْمِ اللَّهِ الرَّحْمَنِ الرَّحِيمِ

2. Alif lam mim (Ek is Allah, die Alwetende)

الْم

3. Hierdie is 'n volmaakte Boek; waarin daar geen twyfel is nie; dit is 'n rigsnoer vir die pligsgetroue.

ذَلِكَ الْكِتَابُ لَا رَيْبَ فِيهِ هُدًى لِّلْمُتَّقِينَ

AL-WAQIAH : Hoofstuk 56

78. Hierdie is inderdaad 'n eervolle Kor'aan,

إِنَّهُ لَقُرْآنٌ كَرِيمٌ

79. In 'n goed beskermde Boek.

فِي كِتَابٍ مَّكُونٍ

AL-BAYYINAH : Hoofstuk 98

4. Waarin alle geskifte versamel is.

فِيهَا كُتِبَ قِسْمَةٌ

AL-ZUMAR : Hoofstuk 39

24. Allah het die beste Aankondiging in die vorm van die Boek geopenbaar, waar die verse ooreenkom met mekaar en herhaal in verskillende vorme, waarby ineenkrimp die huid van hulle wat hulle Here vrees; daarna ontspan die huid en die harte word sag met die gedagtes van Allah. Dit is die leiding van Allah; Hy lei daarmee wie Hy wil. En wie Allah laat dwaal, het geen leier nie.

اللَّهُ نَزَّلَ أَحْسَنَ الْحَدِيثِ كِتَابًا مُتَشَابِهًا مَثَابًا
تَتَجَافَىٰ مِنْهُ الْجُودُ الَّذِينَ يَخْشَوْنَ رَبَّهُمْ ثُمَّ تَلَوْنَ
جُلُودَهُمْ وَ قُلُوبُهُمْ إِلَىٰ ذِكْرِ اللَّهِ ذَلِكَ هُدَىٰ
اللَّهُ يَهْدِي بِهٖ مَن يَشَاءُ ۗ وَمَن يُضِلِلِ اللَّهُ
فَمَا لَهُ مِن هَادٍ ﴿٣٩﴾

AL-ZUKHRUF : Hoofstuk 43

1. In die naam van Allah, die Barmhartige, die Genadige.

بِسْمِ اللَّهِ الرَّحْمَنِ الرَّحِيمِ ﴿١﴾

2. Die Prysenswaardige, die Glorieryke.

حَمْدٌ ﴿٢﴾

3. By die Boek wat verduidelik,

وَالْكِتَابِ الْمُبِينِ ﴿٣﴾

4. Ons het die Kor'aan in duidelike, welsprekende taal geopenbaar sodat julle dit mag verstaan.

إِنَّا جَعَلْنَاهُ قُرْآنًا عَرَبِيًّا لَعَلَّكُمْ تَعْلَمُونَ ﴿٤﴾

5. En voorwaarlik, dit is beskerm met ons in die Moeder van die Boek, verhewe en vol wysheid.

وَأَنَّهُ فِي أُمِّ الْكِتَابِ لَدَيْنَا لَعَلَّكُمْ تَحْكُمُونَ ﴿٥﴾

AL-AHZAB : Hoofstuk 33

73. Voorwaar, ons het die vertrouwe van die hemele en aarde en die berg aangebied, maar hulle het geweier om dit te verdra, en daarvoor gevrees. Maar die mens het dit verdra. Inderdaad, hy is

إِنَّا عَرَضْنَا الْأَمَانَةَ عَلَى السَّمَوَاتِ وَالْأَرْضِ
وَالْجِبَالِ فَأَبَيْنَ أَنْ يَحْمِلْنَهَا وَأَشْفَقْنَ مِنْهَا وَحَمَلَهَا
الْإِنْسَانُ إِنَّهُ كَانَ ظَلُومًا جَهُولًا ﴿٧٣﴾

DIE HEILIGE KOR'AAN

onregverdig en onwetend.

74. Gevolglik sal Allah die skynheilige mans en die skynheilige vroue, en die afgodedienswaarders en afgodedienswaarders straf. En Allah sal Hom met Barmhartigheid tot die gelowige mans en gelowige vroue wend; en Allah is Vergewensgesin, Genadevol.

لِيُعَذِّبَ اللَّهُ الْمُنَافِقِينَ وَالْمُنَافِقَاتِ وَالْمُشْرِكِينَ
وَالْمُشْرِكَاتِ وَيَتُوبَ اللَّهُ عَلَى الْمُؤْمِنِينَ وَالْمُؤْمِنَاتِ
وَكَانَ اللَّهُ غَفُورًا رَحِيمًا ﴿٧٤﴾

BANI ISRAEL : Hoofstuk 17

89. Sê, indien die mens en die Djin sou saam paar en die gelykke van hierdie Kor'aan voort bring, sal hulle nie daarin slaag nie, ofskoon sommige van hulle mekaar help.

قُلْ لَيْسَ اجْتَمَعَتِ الْإِنْسُ وَالْجِنُّ عَلَىٰ أَنْ يَأْتُوا بِبَيِّنَةٍ
هَذَا الْقُرْآنِ لَا يَأْتُونَ بِبَيِّنَةٍ وَلَا كَانَ بَعْضُهُمْ لِبَعْضٍ
ظَاهِرًا ﴿٨٩﴾

90. Voorwaar, Ons het dit aan die mens in die Kor'aan op alle moontlike maniere verduidelik, maar die meeste mense toon slegs ongelowigheid.

وَلَقَدْ صَرَّفْنَا لِلنَّاسِ فِي هَذَا الْقُرْآنِ مِنْ كُلِّ مَثَلٍ
فَأَنَّىٰ أَكْثَرُ النَّاسِ إِلَّا كَفُورًا ﴿٩٠﴾

AL-HASHR : Hoofstuk 59

22. As Ons hierdie Kor'aan op 'n berg geopenbaar het, sou u sekerlik gesien het hoedat dit verneder en uiteenspat uit vrees vir Allah. En Ons hou hierdie gelykenis aan die mense voor sodat hulle kan nadink.

وَأَنزَلْنَا هَذَا الْقُرْآنَ عَلَىٰ جَبَلٍ لَرَأَيْتَهُ خَاشِعًا
مُتَصَدِّعًا مِّنْ خَشْيَةِ اللَّهِ وَتِلْكَ الْأَمْثَالُ
نَضَّرِبُهَا لِلنَّاسِ لَعَلَّهُمْ يَتَفَكَّرُونَ ﴿٢٢﴾

HUD : Hoofstuk 11

18. Kan hy wat 'n duidelike bewys van sy Here besit - en die een wie 'n getuie van Hom is, hom sal volg,

أَمَّنْ كَانَ عَلَىٰ بَيِّنَةٍ مِّن رَّبِّهِ وَيَتْلُوهُ شَاهِدٌ مِّنْهُ

DIE HEILIGE KOR'AAN

en wie voorafgegaan was deur die Boek van Moses, 'n leidsman en 'n barmhartige - 'n bedrieër wees ? Die wat daaroor dink, glo daarin, en wie ook al nie daar in glo nie, vir hulle is die Vuur 'n beloofde bestemming. Koester dus geen twyfel daaromtrent nie, Voorwaar, dit is die waarheid van u Here, maar die meeste mense wil dit nie glo nie.

AL-AN'AM : Hoofstuk 6

93.En hierdie is 'n Geseënde Boek, wat ons geopenbaar het, wat bevestig wat voorafgegaan het, sodat u die Moeder van Stede (Makka) en wat in haar omgewing is, kan waarsku.

AL-MA'IDAH : Hoofstuk 5

4.Hierdie dag het Ek julle godsdien vervolmaak en My guns aan julle voltooi, en Islam as godsdien vir julle gekies.

وَمِنْ قَبْلِهِ كَتَبَ مُوسَىٰ إِمَامًا وَرَحْمَةً ۗ أُولَٰئِكَ
يُؤْمِنُونَ بِهِ ۗ وَمَنْ يَكْفُرْ بِهِ مِنَ الْأَحْزَابِ ۖ فَالنَّارُ
مَوْعِدُهُ ۗ فَلَا تَكُ فِي مِرْيَةٍ مِّنْهُ ۚ إِنَّهُ الْحَقُّ مِن رَّبِّكَ
وَلَكِنَّ أَكْثَرَ النَّاسِ لَا يُؤْمِنُونَ ﴿٩٣﴾

وَهَٰذَا كِتَابٌ أَنزَلْنَاهُ بِمَبَرِكٍ مُّصَدِّقًا لِّذِي بَيْنَ
يَدَيْهِ وَلِتُنذِرَ أُمَّ الْقُرَىٰ وَمَنْ حَوْلَهَا

الْيَوْمَ اكْمَلْتُ لَكُمْ دِينَكُمْ وَأَمْتَمْتُ عَلَيْكُمْ نِعْمَتِي
وَرَضِيْتُ لَكُمُ الْإِسْلَامَ دِينًا

PROFETE

Die Heilige Kor'aan bevestig dat Allah 'n leiding aan alle mense gestuur het; dit bevestig dus die waarheid en pligsgetrouheid van elke profet. Profete was gestuur aan spesifieke mense op spesifieke tye gedurende die geskiedenis om mens na Allah te lei. Die Heilige Profet was die laaste wetdraende profet en die boodskap van Islam omvat, en oorskry dus alle vorige geskrifte. Die koms van profete word voortgesit slegs binne Islaam; profete verskyn nou om die lig van die Heilige Profet te weerspieël, en bring geen nuwe wette nie.

Die Heilige Kor'aan beskryf nie net die positiewe aspekte van profete nie; dit beskryf ook die karakter van die opposisie voortgebuig teen alle profete. Pharoah is die simbool in die Kor'aan van kragte tegekant teen elke profet.

AL-HAJJ : Hoofstuk 22

76. Allah kies Sy boodskappers uit Sy Engele en Sy mense, inderdaad Allah is die Alhorende, en Alsiende.

أَللَّهُ يَصْطَفِي مِنَ الْمَلَائِكَةِ رُسُلًا وَمِنَ النَّاسِ
إِنَّ اللَّهَ سَمِيعٌ بَصِيرٌ ﴿٧٦﴾

AL-NAHL : Hoofstuk 16

37. En Ons het onder elke volk 'n boodskapper verwek wat moet sê, "Aanbid Allah, en vermy die bose", daar is sommiges wat deur Allah gelei is, maar ook sommige van wie gesê kan word dat hulle verdien het om tot 'n val gebring te word. Reis daarom deur die land en sien wat was die einde van die leuenaars!

وَلَقَدْ بَعَثْنَا فِي كُلِّ أُمَّةٍ رَسُولًا أَنِ اعْبُدُوا اللَّهَ
وَاجْتَنِبُوا الطَّاغُوتَ فَمِنْهُمْ مَنْ هَدَى اللَّهُ
وَمِنْهُمْ مَنْ حَقَّتْ عَلَيْهِ الضَّلَالَةُ فَبِئْرًا فِي الْأَرْضِ
فَانظُرُوا كَيْفَ كَانَ عَاقِبَةُ الْمُكذِبِينَ ﴿٣٧﴾

AL-BAQARAH : Hoofstuk 2

31. En toe julle Heer aan die engele gesê het: " Ek gaan 'n Heersel oor die aarde stel, het hulle geantwoord; "Wil U iemand daarin plaas wat kwaad sal aanrig en bloed sal vergiet? terwyl ons U Verheerlik wat U toekom en U heiligheid prys. Daarop het Hy geantwoord:" Ek het kennis van dinge wat vir julle verborge is".

وَاذْ قَالَ رَبُّكَ لِلْمَلٰٓئِكَةِ اِنِّيْ جَاعِلٌ فِى الْاَرْضِ خَلِيْفَةً
 قَالُوْۤا اَتَجْعَلُ فِيْهَا مَنْ يَّفْسِدُ فِيْهَا وَيَسْفِكُ الدِّمَآءَ
 وَمَنْ نُسَبِّحُ بِحَمْدِكَ وَنُقَدِّسُ لَكَ قَالَ اِنِّيْۤ اَعْلَمُ
 مَا لَا تَعْلَمُوْنَ ﴿۳۱﴾

AL-NISA : Hoofstuk 4

164. Waarlik, Ons het aan u geopenbaar soos Ons aan Noah en die profete na hom geopenbaar het; en aan Abraham, Ismael, en Isak en Jakob en die volkstamme en aan Jesus en Job en Jona, Aaron en Solomon het Ons geopenbaar, en aan David het Ons die Psalms gegee.

اِنَّاۤ اَوْحَيْنَاۤ اِلَيْكَ كَمَاۤ اَوْحَيْنَاۤ اِلَى نُوْحٍ وَالتَّوْحٰٓيِنِ
 مِنْۢ بَعْدِهٖۙ وَ اَوْحَيْنَاۤ اِلَى اِبْرٰهِيْمَ وَاِسْمٰعِيْلَ وَاِسْحٰقَ
 وَيٰعْقُوْبَ وَاِلْسَابٰطِ وَعِيسٰى وَاَيُّوْبَ
 وَيُوْسُفَ وَاٰمِرًاۙ وَهٰرُوْنَ وَسَلِيْمَۙ وَ اٰتَيْنَاۤ دَاوُدَ
 مَرۡيُوْمًاۙ ﴿۱۶۴﴾

165. En Ons het boodskappers gestuur wat Ons reeds aan u genoem het, en ook Boodskappers van wie Ons niks aan u gesê het nie. En tot Moses het Allah Sy woord gerig.

وَرٰسَلْنَاۙ قَدْ نَقَصْنَاۙ مِنْۢ بَعْدِهٖۙ رٰسَلًا
 لَّمْ نَقْصُصْهُمْ عَلَيْكَ وَاٰتَيْنَاۤ مُوْسٰى الْكَلِيْمَ ﴿۱۶۵﴾

AL-BAQARAH : Hoofstuk 2

88. En voorwaar, Ons het die Boek aan Moses gegee, en Ons het na hom Boodskappers, een na die ander in sy voetstappe laat opvolg; en aan Jesus die seun van Maria, het Ons duidelike Tekens gegee, en hom versterk met die Heilige Gees. Waarom is julle dan verwaand wanneer 'n

وَلَقَدْ اٰتَيْنَاۤ مُوْسٰى الْكِتٰبَ وَتَقِيْمًاۙ مِنْۢ بَعْدِهٖۙ بِالرُّسُلِ
 وَ اٰتَيْنَاۤ عِيسٰى ابْنَ مَرْيَمَ الْبَيِّنٰتِ وَاٰتَيْنَاهُۙ بَرُوْجَ الْقُدُسِ
 اَفْكُلْمَاۙ جَاۤءَكُمْ رُّسُوْلٌۙ بِمَا لَا تَهْتٰىۙ اَنْفُسُكُمْۙ اسْتَكْبَرْتُمْ
 فَرٰقِبًاۙ كَذٰبْتُمْ وَاَقْرَبًاۙ تَقْتُلُوْنَ ﴿۸۸﴾

Boodskapper na julle kom met iets wat jul siele nie begeer nie, En julle verwerp sommige en sommige maak julle dood?

125. En toe sy Here Abraham met sekere opdragte beproef, en hy dit uitgevoer het, het Hy gesê: "Ek sal u tot leier van mense maak". Abraham het gevra: "En my nageslag?". Hy het geantwoord: "My verbond sluit nie die kwaaddoeners in nie".

YUNUS : Hoofstuk 10

91. En Ons het die kinders van Israel oor die see geneem. Toe het Pharoah en sy skare hulle op 'n verdrukkende en 'n aanvallende wyse agtervolg totdat, toe die wale hom verswelg, hy moes sê: "Ek glo dat daar geen God is nie buiten Hom in wie die kinders van Israel glo, en ek is een van die onderworpenes".

92. Nou eers? Voorheen was u ongehoorsaam en een van die onrus opwekkers !

93. Maar vandag sal Ons slegs u liggaam bewaar sodat u 'n voorbeeld kan wees vir hulle wat na u kom. En waarlik die meeste van hulle gee nie ag op Ons Tekens nie.

MARYAM : Hoofstuk 19

17. En vermeld Maria in die Boek. Hoe sy haarself van haar familie

وَاذِ ابْنَةَ إِبْرَاهِيمَ إِذْ بَدَّلَتْ كَلِمَاتٍ فَاتَّخَذْنَاهُنَّ آيَاتٍ لِّرَبِّهِ
جَاعِلِكُمُ لِلنَّاسِ إِمَامًا قَالَ وَمِنْ ذُرِّيَّتِي قَالَ
لَا يَتَّخِذُ الْظَالِمِينَ ﴿١٢٥﴾

وَجُوزُنَا بِبَنِي إِسْرَائِيلَ الْبَحْرَ فَأَتَبَعَهُمْ فِرْعَوْنُ
وَجُنُودُهُ غَيْبًا وَعَدُوًّا خَفِيًّا إِذْ أَدْرَكَهُ الْعُرْفُ قَالَ
أَمِنْتُ أَنَّهُ لَا إِلَهَ إِلَّا الَّذِي آمَنْتُ بِهِ بَنُو إِسْرَائِيلَ
وَأَنَا مِنَ الْمُسْلِمِينَ ﴿٩١﴾

النُّونَ وَقَدْ عَصَيْتَ قَبْلُ وَكُنْتَ مِنَ الْمُفْسِدِينَ ﴿٩٢﴾

قَالِيَوْمَ نُنَجِّيكَ بِبَدَنِكَ لِتَكُونَ لِمَنْ خَلَقَكَ آيَةً
وَإِنَّ كَثِيرًا مِنَ النَّاسِ عَنْ آيَاتِنَا لَأَعْمَلُونَ ﴿٩٣﴾

وَإِذْ كُنَّا فِي الْكِتَابِ مَرْسُومًا إِذْ أَنْتَبَدَتْ مِنْ أَهْلِهَا

onttrek het en na 'n afgeleë plek in die ooste vertrek het.

مَكَانًا شَرْقِيًّا ⑤

18. En sy het haar van hulle afgesluit, toe het Ons Ons engele na haar gestuur en hy het aan haar verskyn in die gestalte van 'n volmaakte man.

فَاتَّخَذَتْ مِنْ دُونِهِمْ حِجَابًا فَأَرْسَلْنَا إِلَيْهَا رُوحَنَا فَتَمَثَّلَ لَهَا بَشَرًا سَوِيًّا ⑤

19. Sy het gesê: Ek neem my toevlug tot die Barmhartige God teen u, indien u iemand is wie Hom vrees.

قَالَتْ إِنِّي أَعُوذُ بِالرَّحْمَنِ مِنْكَ إِنْ كُنْتَ نَقِيًّا ⑤

20. Hy het geantwoord: " ek is maar net 'n boodskapper van u Here wat sê Ek sal aan u 'n pligsgetroue seun gee,"

قَالَ إِنَّمَا أَنَا رَسُولُ رَبِّكِ لِأَهَبَ لِكَ غُلَامًا
زَكِيًّا ⑤

21. Sy het geantwoord: " Hoe kan ek 'n seun baar terwyl geen man my aangeraak het nie; en ek ook nie onkuis was nie? "

قَالَتْ أَنَّى يَكُونُ لِي غُلَامٌ وَلَمْ يَمْسَسْنِي بَشَرٌ وَلَمْ أَكُ بَغِيًّا ⑥

22. Hy het geantwoord: "So sal dit wees". U Here sê: Dit is maklik vir My; en Ons sal hom 'n Teken vir die mense maak, en 'n genade van Ons, En dit is 'n beslote saak.

قَالَ كَذَلِكَ قَالَ رَبُّكِ هُوَ عَلَيَّ هَيِّنٌ وَلِنَجْعَلَهُ آيَةً لِّلنَّاسِ وَرَحْمَةً مِنَّا وَكَانَ أَمْرًا مَّقْضِيًّا ⑥

23. En sy het ontvang en met hom na 'n afgeleë plek vertrek.

وَحَمَلَتْهُ فَانْتَبَدَتْ بِهِ مَكَانًا قَصِيًّا ⑥

24. En die smarte van die bevalling het haar na die stam van die palmboom gedryf. Sy het gesê: "Het ek maar liever voorheen gesterf en vergete geraak".

فَأَجَاءَهَا الرِّجَاصُ إِلَى جِدْعِ الرِّجْلَةِ قَالَتْ يَلَيْتَنِي مِتُّ قَبْلَ هَذَا وَكُنْتُ نَسِيًّا مَّسِيًّا ⑥

25. Maar 'n stem van benade het na haar geroep: " Moenie treur nie,

فَنَادَاهَا مِنْ تَحْتِهَا أَلَّا تَحْزَنِي قَدْ جَعَلَ رَبُّكِ

waarlik, u Here het 'n stroompie vir u laat ontspring".

تَحْتِكَ سَرِيًّا ۝

26. "En skud die stam van die palm boom na u toe;dit sal vars ryp dadels vir u laat afval".

وَهُتَّىٰ إِلَيْكَ بِمِذْبَاحِ النَّخْلَةِ نُسْقِطُ عَلَيْكَ رَطْبًا جَنِينًا ۝

27.Eet, drink en koel u oë af, en indien u iemand sien, sê dan:"Waarlik, ek het aan die Barmhartige 'n gelofte afgeleë om te vas; daarom sal ek vandag met niemand praat nie".

فَكُلْ وَاشْرَبْ وَقَرِّ عَيْنًا قَامًا تَرَيْنَ مِنَ النَّاسِ أَحَدًا فَقُولِي إِنِّي نَذَرْتُ لِلرَّحْمَنِ صَوْمًا فَلَنْ أُكَلِّمَ الْيَوْمَ إِنْسِيًّا ۝

28. Toe het sy haar kind na haar volk teruggedra. Hulle antwoord was: "O Maria, u het iets vreemds gedoen".

فَأَنَّتْ بِهِ قَوْمَهَا تَحْمِلُهُ قَالُوا يُمَزِّيمٌ لَقَدْ جِئْتِ شَيْئًا قَرِيًّا ۝

29."O Suster van Aaron, u vader was geen bose man nog was u moeder 'n onkuise vrou nie".

يَاخَتَّ هُرُونَ مَا كَانَ أَبِيكَ أَمْرًا سَوِيًّا وَمَا كَانَتْ أُمُّكَ بَغِيًّا ۝

30. Toe het sy na hom gewys. Hulle het gesê:"Hoe kan ons praat met 'n kind wat nog in die wieg lê".

فَأَشَارَتْ إِلَيْهِ قَالُوا كَيْفَ نُكَلِّمُ مَنْ كَانَ فِي الْمَهْدِ صَبِيًّا ۝

31.Hy (Jesus) het gesê: "Ek is waarlik 'n dienaar van Allah, Hy het my die Boek gegee en van my 'n Profeet gemaak".

قَالَ إِنِّي عَبْدُ اللَّهِ آتَانِيَ الْكِتَابَ وَجَعَلَنِي نَبِيًّا ۝

32. En Hy sal my geseën laat wees waar ek my ook al mag bevind en Hy het my die gebed en die gee van die aalmoese opgeleë solank as wat ek lewe.

وَجَعَلَنِي مُبْرَكًا أَيْنَ مَا كُنْتُ وَأَوْصَانِي بِالصَّلَاةِ وَالزَّكَاةِ مَا دُمْتُ حَيًّا ۝

33.En ook dat ek my moeder gehoorsaam moet wees, en Hy het nie vir my hoogmoedig en ongesê gemaak nie.

ذَرَبْتُ أَوَالَدَتِي وَلَمْ يجعلني جَبَّارًا شَقِيًّا ۝

34 En vrede was met my op die dag van my geboorte en vrede sal met my wees op die dag van my sterwe en so ook wees op die dag wanneer ek opgewek sal word.

وَالسَّلَامُ عَلَيَّ يَوْمَ وُلِدْتُ وَيَوْمَ أَمُوتُ وَيَوْمَ أُبْعَثُ حَيًّا ﴿٣٤﴾

35. So was Jesus, die seun van Maria, en dit is oor hierdie ware verklaring dat hulle redetwis.

ذَلِكَ عِيسَى ابْنُ مَرْيَمَ قَوْلَ الْحَقِّ الَّذِي فِيهِ يَمْتَرُونَ ﴿٣٥﴾

AL-IMRAN : Hoofstuk 3

82. En toe Allah 'n verbond deur die profete gesluit het:" Voorwaar, het ek dan aan julle die Boek en die wysheid geskenk- daarna het 'n BoodsAPPER tot julle gekom en bevestig wat reeds met julle was- julle sal in Hom glo en julle sal Hom bystand". Hy het gesê:" Bekragtig julle My verbond in hierdie saak en neem julle dit aan? Hulle het geantwoord: Ons bekragtig dit". Hy het gesê:" Getuig dan, en ek is met julle onder die getuies".

وَإِذْ أَخَذَ اللَّهُ مِيثَاقَ النَّبِيِّينَ لَمَا آتَيْنَاكُمْ مِنْ كِتَابٍ وَحِكْمَةٍ ثُمَّ جَاءَكُمْ رَسُولٌ مُصَدِّقٌ لِمَا مَعَكُمْ لَتُؤْمِنُنَّ بِهِ وَلَتَنْصُرُنَّهُ قَالَ أَأَقْرَضُكُمْ وَآخَذْتُمْ عَلَىٰ ذَلِكُمْ إِصْرِي قَالُوا أَقْرَضْنَا قَالَ فَاشْهَدُوا وَأَنَا مَعَكُمْ مِنَ الشَّاهِدِينَ ﴿٨٢﴾

83. Maar wie hierna terug draai, wie hulle ook al is, hulle is die oortreders.

مَنْ تَوَلَّىٰ بَعْدَ ذَلِكَ فَأُولَٰئِكَ هُمُ الْفَاسِقُونَ ﴿٨٣﴾

AL-AHZAB : Hoofstuk 33

8. En toe Ons met die Profete 'n spesiale verbond gesluit het met U en met Noah, en Abraham, en Moses, en Jesus die seun van Maria, het Ons 'n gehegte verbond gesluit.

وَإِذْ أَخَذْنَا مِنَ النَّبِيِّينَ مِيثَاقَهُمْ وَمِنكَ وَمِنْ نُوحٍ وَإِبْرَاهِيمَ وَمُوسَىٰ وَعِيسَى ابْنِ مَرْيَمَ وَأَخَذْنَا مِنْهُم مِّيثَاقًا عَلِيمًا ﴿٨﴾

5.

DIE HEILIGE PROFEET IN ISLAAM

